**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(GAUTENG N0ORB PRETORIA AFDELING)

SAAKNR.: 36446/09

DATUM:06/08/2009

In die saak van

LJ B Applikant

en

L J B Respondent

CORAM: EBERSOHN WR.

AANGEHOOR OF 8 Julie 2009

UITSPRAAK AFGEGEE OF 6Augustuis 2009

UITSFRAAK

EBERSOHN WR.

[1] Die applikant wat die neef is van die respondent (beide se name is dieselfde) het ‘n

dringende aansoek geloods waarin daar dringende bedes onder onderskeidelik Deel A vervat is en in Deel B daarvan word 4n bevel gevra wat bevestig dat ;n serwituut van reg van weg bestaan oor die respondent se plaas Gedeelte 15 van die plaas Beerlaagte 494, Registrasie Afdeling I.R., Mpumalanga Provinsie ten gunste van die applikant en dat dit geregistreer word ten gunste van sy eiendom in die Akteskantoor..

[2] Hierdie hof is nie geroepe om die bedes onder Deel B te besleg nie en hierdie hof gaan bom ook nie daaroor uitiaat nie behalwe om op te merk dat die betrokke distrikspad D498 skynbaar 4n openbare pad is.

[3] Die betrokke pad D498 loop ook oor die respondent se plaas wat grens aan die nasionale pad bekend as die N3. Die applikant gebruik die pad om toegang te verkry tot die N3 hoofpad. Die applikant bet ook cn openbare distrikspad D608 tot sy beskikking wat ook skynbaar by die N3 aansiuit.

[4] Die applikant beweer dat die respondent inbreek gemaak net op sy gebruiksreg van pad D498 op etlike gronde.

[5] Die eerste is dat die respondent 'n hoofhek en syhek opgerig bet waar die pad D498 op sy piaas toegang verleen tot die N3. ‘n Mens kan die behoefte verstaan om ‘n hek daar te he anders kan iedereen van die verbvgaande verkeer wat iets wil steel of roof of moor die respondent of een van sy bure se plaas inry en misdade aldaar pleeg en terugry en wegvlug op die N3. Die hof is geregtig om kennis te neem van die gevaariike toestand op die platteland en steae en elke dag kom daar sake voor nierdie hof hetsy by wyse van verhore, nersienings en appelle met die mees grusame feite en word moorde, rowe en verkragting links en regs op plase gepleeg. Die respondent besit iuis vee, insiuitende

perde., wat in kampe op sy plaas aangehou word. (Sien Stuttaford v Kruger 1967 (2) 166 (C; op 172 D-E; Allan v Colonial Government (1907) 24 S.C. 1 op 8 – 9.)

[6] Hierdie hoofhek en syhek is al seker Desember 2008 in die vooruitsig gestel deur die respondent en is opgerig al gedurende Februarie 2009, d.w.s. geruime tyd gelede. Daar was al in Mei 2009 kodes deur die respondent aan die applikant gegee om die hek te open en die applikant het die kodes geneem.

[7] Die respondent het aangebied om onbeperkte gebruikreg van die syhek aan die applikant te alle tye te verleen mits die hek gesluit bly anders sou die hoofhek nutteloos en oneffektief wees.

[8] Die applikant het hom ook bekla dat dit ongerieflik vir sy drywers is om die syhek elke keer oop en toe te maak. Die realiteite van die huidige lewensomstandighede is egter so dat alles, veral op ‘n plaas, agter slot en grendel gehou moet word. Die gerief/luiheid van die drywers van die applikant se voertuie met betrekking tot die oop- en toemaak van hekke langs die D498 kan nie opgeweeg word teen die belange van die boere wat langs die roete D498 boer nie.

[9] Daar is geen dringendheid of gronde waarop die applikant hom kan beroep met betrekking tot die hoofhek en syhek nie.

[10] Die tweede is dat die respondent 4 nuwe hekke opgerig het op D498 waar dit oor sy plaas loop. Die hekke is al geruime tyd gelede opgerig. (Sien die Stuttaford- saak supra). Die applikant bekla nom dat van die hekke slegs 5 meter wyd is en dat sekere van sy plaasimplemente wyer as dit is en skynbaar nie deur die 5 meter wye hekke kan gaan nie.

Die applikant se advokaat is deur die hof daarop gewys dat daar ‘n beperking op die breedte van voertuie/implemente geplaas word deur die regulasies wat die gebruik van paaie reguleer. Vyf meter en wyer voerruie/implimente hoort biykbaar nie op ‘n openbare pad nie vandaar die feit dat sulke wye implimente kan skarnier wat meebring dat die wvdte daarvar: binne die voorgeskrewe norme bly. Daar is gevolglik ook geen dringendheid of neriete wat hierdie punt betref nie.

[11] Die derde punt is die verwydering van die neining vir ongever 800 meter aan die een Rant van die pad waar dit oor sy grond loop deur die respondent. Die applikant bekla hom dat hy sy beeste aanjaag en dat dit gerieflik was om die beeste in 'n gang met heinings an weerskante van die gang te iaag en waar die heining nou aan die een kant verwyder is, dit nou ongerieflik vir sy aanjaers is. Die respondent het daarop gewys dat die applikant se beeskudde waarskyniik besmet is met besmeflike misgeboorte (Brusselose) en nie aangejaag moet word nie aangesien dit “skoon’” kuddes al iangs die pad waar die beeste aangejaag word kan besmet. Daar is in elk geval geen meriete, wat nog van dringendheid, in hierdie punt nie want die respondent kan sy binnedrade verwyder en/of aanpas op sy plaas na keuse.

[12] Die vvfae punt is die spoedwalle wat die respondent beweerdelik aangebring het op die pad. Die aanbring van spoed walle is per se nie ‘n delik nie en is soms uiters nodig waar padgebruikers te hoe snelhede handhaaf. Daar is geen meriete en/of dringendheid in hierdie punt nie.

[13] Die respondent het basies 5 verwere teen die aansoek geopper.

[14] Die eerste was dat die aansoek nie dringend w'as nie.

[15] Die tweede is dat die applikant kn altematiewe roete tot sy beskikking het tot die N3 naamlik die D608 distrikspad.

[16] Die derde is dat die applikant nie van sy reg om die pad te gebruik ontneem is deur die respondent se optrede nie, hy sal net bioot by die orde-reelings in verband daarmee moet inval.

[17] Die vierde is dat daar feitedispute is.

[18] Die vyfde is dat alle belang'nebbendes nie gevoeg was in die aansoek me.

[19] Elkeen van die vyf verwere gaan op en die applikant is in elk geval nie gespolieer nie.

[20] Ek maak gevoiglik die volgende bevel:

"Die aansoek is nie dringend nie en word van die roll geskrap met koste.

P.Z. EBERSOHN

WAARMMENDE REGTER VAN DIE HGOGGEREGSHOF

Applikant se advokaat: Adv. F. .Botes

Applikant se prokureur: Smit Sewgoolam Inc.

Verw. JE/hd/ p/46062

Tel. 0011 646 0006

Respondent se advokaat: Adv, P. Ellis SC

Respondent se prokureurs: Frans Rabie Prokureurs

Tel. 017 773 0926

Verw. FR/LF0421